**Maandag 10 April**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:4-10 (vgl. Jes. 28:16 – gister se dagstukkie)**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:4-17**

**Fondament van die kerk – Christus die Hoekklip en Sluitklip (kop-klip)**

Hierdie metafoor plaas ons op ’n outydse bouperseel, met klippe wat gekap, gekies, presies gebeitel en sorgvuldig elkeen op sy eie, presiese plek gelê word.

Christus word in dié gedeelte op drie besondere wyses beskryf: In vers 4 as die lewende, gekapte klip, in vers 6 as die hoekklip en in vers 7 as die sluitklip (letterlik in Grieks: kop-klip). Die vorige dagstukkie het alreeds gehandel oor Christus as hoekklip. Die hoekklip en die sluitklip is die twee onmisbare stene in die gebou, presies gekap, gekies en gebeitel.

Die sluitklip of kop-klip vind ons heel bo in die middel van die boog van die gebou. Hierdie klip met sy driehoek-vorm sluit die twee mure aanmekaar (kyk tekening). Haal jy die sluitklip uit, stort die hele gebou in duie. So vorm die hoekklip en die sluitklip ’n onmisbare deel van die hele gebou. So is Christus onmisbaar vir die kerk van die Here. Sy versoeningswerk, sy betaling vir ons sondes is onmisbaar, maar dit is ook onmisbaar vir my plek in die gebou van God. Sonder die hoekklip sal die gebou skeef en krom wees, sodat ek as lewende gekapte en gebeitelde klip nie my plek in die gebou kan inneem nie. Sonder Christus as die sluitklip sal die gebou intuimel en kan ek nie my roeping in die gebou verrig nie. Al die gebeitelde klippe is dus niks werd sonder die hoek- en sluitklip nie.

Daarom kan ek die HERE dank vir sy werk in my. Ek was ’n nikswerd klip, maar deur die Heilige Gees word ek sorgvuldig gekap en gebeitel, sodat ek my plek in die gebou, die geestelike huis, mag hê. En my plek is uniek, want ek is presies gebeitel vir my taak.

*Sing: Psalm 84-1:2, 5*
*Ds. PA Coetzee (Peet) (emeritus)*